



N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 34

22 Augustus 2021

Maak GOD jou eerste prioriteit

“Maar een ding is nodig, en Maria het die goeie deel gekies wat nie van haar weggeneem sal word nie.”

Luk 10:42

Wat is regtig belangrik in die lewe?

Wat bedoel Jesus as Hy sê: Maar een ding is nodig? Hy het eintlik gesê: “Die een ding wat belangrik is, is om by My te wees en na My woorde te luister. Dit is ‘n oproep om lewensprioriteite te bepaal en te besluit wat regtig belangrik is in die lewe. Eerstens moet die Here altyd ons eerste prioriteit wees – voor enigiets anders. Toe Jesus die huis binnekom, was die eerste ding wat Maria vir Hom gegee hethaar onverdeelde aandag. Broer Lawrence het gesê:” I have looked on God as the goal and the end of all the thoughts and affections of the soul. I have come to see that my only business is to live as though there were none but He and I in the world, and I have sought only to live for Him.” C.S. Lewis se vrou, het gesê:”We must want God so much that everything else becomes irrelevant.”

Wat trek jou aandag van Jesus af?

Om die Here voorkeur te gee, beteken dat ons na Sy stem en Sy woorde luister. Wat doen ons met dit wat ons by die Here hoor? As ons die vlugtige bekommernisse van hierdie lewe bo die woorde van Jesus plaas, kan ons netsowel by Martha in die kombuis aansluit. Wat is die naam van jou “kombuis”? Wat is daardie ding wat dalk geldig is, maar jou daarvan weerhou om by Jesus te wees? Daardie ding wat maak dat jy nie na die woorde van die Here kan luister en dit gehoorsaam nie?

God se seën in ons lewens

As ons voorkeur gee aan Jesus en na Sy Woord luister, sal ons seën ontvang – daardie goeie deel wat nie van ons weggeneem kan word nie. Maria het aan die voete van Jesus ‘n diep bewustheid van vrede, veiligheid en versekering ontvang (Kol 3:15-16). God sal ons seëninge gee wat nie van ons weggeneem kan word nie. “U sal hom in volle vrede bewaar, wie se gedagtes by U bly staan” – Jes 26:3. Jesus het so gelewe. Hy het na Sy Vader geluister en was gehoorsaam; Hy wou hê dat Sy dissipels ook so moes lewe. God se bedoeling is dat Sy kinders in die rus lewe wat Hy voorsien het. Hy wil hê dat ek en jy ons lewensprioriteite moet bepaal sodat ons by Hom kan “wees” voordat ons dinge vir Hom begin “doen”. Dan sal ons die verskil tussen rus en werk, Sy werk en ons werke en Sy las en ons laste verstaan. Maar baie van ons se aandag word afgelei.. Die betekenis van afleiding in Grieks is letterlik “om in alle rigtings getrek te word.”

Ons moet alle afleidings uit ons lewens verwyder, eigiets wat om ons aandag meeding en ons verhinder om God deur Sy Woord te hoor. Jesus het voor baie afleidings te staan gekom en ons sal ook, maar ons moet net soos Hy vir God bo enige ander prioriteit in ons lewens stel.

– Francois Carr -

Dankie!

- Ook vir almal wat genesing ontvang het en herstel het van covid, operasies en ander siektetoestande!
- Dat gemeente dienste en aktiwiteite weer kon begin.

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir die gemeente bedieninge.
- Vir almal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente. Daar is só baie mense.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!
- Vir die genesing en herstel van ons land.
- Vir die jeug in ons land, gemeenskap en gemeente.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Magriet du Plooy –vir volkome genesing. Vir nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – Vir volkome herstel en genesing.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Ons innige simpatie met tannie Ria Lubbe met die afsterwe van haar seun.

Gedagte vir die week:

Die Here moet altyd ons prioriteit wees – voor enigiets anders.

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

